## Die Britse Beterweter

In die Vrystaat was ‘n klein groepie mense wat gevoel het dat die Vrystaat nie nouer bande met die Transvaal moet knoop nie. Tydens die verkiesing waar Pres. M.T. Steyn tot president verkies is, was hierdie groepie se leier J.G. Fraser, mev. Steyn se oom.

Onder die Presidentskap van Marthinus Theunis Steyn, het die Vrystaters en die Transvalers egter heelwat nader aan mekaar gegroei. Toe die 2de Vryheidsoorlog in 1899 uitbreek, het die Vrystaters hul gewig ten volle by die Transvaal ingegooi.

Die vyand is maar altyd besig met verdeeldheid saai, en hy het hier gereken dat die volgende stap sy beste uitweg sal wees - 'n proklamasie.

Hieronder volg ‘n gedeelte uit die eerste proklamasie van lord Frederick Roberts aan die Vrystaters, in Februarie 1900. Netso kwistig as wat hy met die heuningkwas verf, klap hy met die doringtak.

Twee variasies op die tema lied wat die Britte graag sing, kom hier tevore: 1. “Solank jy doen wat ek sê, is jy vry om dit te doen”, en 2. “As Britte behou ons ons die reg voor om in jou huislike sake in te meng”.

“Aangesien die Britse troepe onder my bevel die Oranje-Vrystaat binnegetrek het, beskou ek dit my plig om aan alle burgers die oorsaak van my koms te verklaar,

asook om alles in my vermoë te doen om ‘n end te maak aan die verwoesting deur die oorlog aangerig, sodat, in geval hulle die oorlog voortsit,

die inwoners van die Oranje-Vrystaat dit nie in onkunde sal doen nie, maar met volle kennis van hul verantwoordelikheid voor God vir die lewens wat in die stryd opgeoffer word.

Voor die oorlog uitgebreek het, het die Britse regering, wat altyd vrede en vriendskap met die Oranje-Vrystaat verlang en bevorder het, ‘n plegtige versekering aan President Steyn gegee dat as die Oranje-Vrystaat onsydig sou bly, geen inval in sy gebied gemaak sou word nie en dat sy onafhanklikheid altyd ten volle deur haar majesteit se regering erken sal word.

Ondanks hierdie verklaring het die Regering van die Oranje-Vrystaat hom skuldig gemaak aan ‘n moedswillige en ongeregverdigde inval op Britse grondgebied.

Die Britse regering is van mening dat hierdie daad van geweld nie met die goedkeuring en toestemming van ‘n volk gebeur het met wie hy vir soveel jare in volkome vriendskap geleef het nie.

Hy is van mening dat die verantwoordelikheid uitsluitlik by die Regering van die Oranje-Vrystaat berus, wat nie in die belange van die land nie, maar onder verkeerde invloede van buite gehandel het.

Die Britse regering wil dus aan die volk van die Oranje-Vrystaat te verstaan gee dat hy jeens hulle geen gevoel van vyandskap koester nie;

en waar dit met die suksesvolle voortsetting van die oorlog en herstelling van vrede in Suid-Afrika kan stryk, is hy begerig om hulle te vrywaar van die kwaad wat ‘n verkeerde daad van hul Regering op hulle gebring het.

Ek waarsku alle burgers dus om af te sien van enige verdere dade van vyandskap teen haar majesteit se regering en die troepe onder my bevel,

en ek gee die versekering dat niemand wat hieraan gehoor gee en wat tuis bly en sy gewone vreedsame beroep volg, enige letsel aan persoon of besitting, omdat hy in gehoorsaamheid aan sy Regering die wapen opgeneem het, sal ontvang nie.

Diegene daarenteen wat weerstand bied aan die magte onder my bevel of die vyand voorsien van lewensmiddele of informasie, sal behandel word volgens oorlog gewoonte…"

Hierna volg 'n klomp leë beloftes van hoe die troepe reeds beveel is dat geen Vrystater of sy besittings leed aangedoen sou word nie, dat hulle ten volle en op die plek, vergoed sou word vir watter voorrade hulle ook al op las, aan die troepe sal voorsien.

Teen die tyd wat hierdie proklamasie uitgegaan het, was al hierdie beloftes alreeds gebreek deur verskeie generaals met hul troepe.

Daar was wel 'n groepie Vrystaters (net soos daar 'n groepie Transvalers ook was) wat nie aan die oorlog deelgeneem het nie, en selfs die Britte gehelp het.

Na die oorlog was daar baie ongelukkigheid by hierdie groep Joiners, want die beloofde vergoeding vir die voorrade en hulp verskaf het in meeste gevalle agterweë gebly.

Vir my is dit 'n groot ironie dat twee vooraanstaande Transvalers, wat die oorlog met soveel ywer begin het, op die ou end kop in een mus met die Engelse was.

Hulle het met die vrede wat te Vereniging onderteken is, alles weggegooi waarvoor hulle drie jare lank geveg het. Dít terwyl die Vrystaters, wat op 'n manier 'n opsie gehad het om onbetrokke te bly, die oorlog wou voortsit.

(Deur E.P. Vorster)

…………………………

Bron (van proklamasie): Die Smarte van die Oorlog en wie dit gely het; Emily Hobhouse; 1941.